F. HASKELL
*History and its images Art and the interpretation of the past*
Newhaven en Londen: Yale University Press
1993
549 pp.
£29.95
ISBN 0-300-05540-4

Die beginsel van 'n interdissiplinêre benadering in die wetenskap en ook wat die geskiedenis betref, word vandag algemeen aanvaar. In *History and its images* wil Francis Haskell, kunshistorikus aan die Universiteit van Oxford, vasstel in watter mate historici deur die eeue van visuele gegewens soos munte, skilderye, beelde en erdewerk as historiese dokumente in hulle geskiedskrywing gebruik gemaak het. Hy meen dat vroeëre geskiedskrywers hulle wel soms na visuele voorwerpe gewend het vir die bevestiging of verwerping van 'n sekere verhaal, wat mondelings of skriftelik van geslag op geslag oorgedra is.

Met verloop van tyd het ernstige historici en ook skrywers hulle minder bereid verklaar om hierdie visuele gegewens as historiese bronne te gebruik. Afgesien van die probleem om vas te stel wanneer en met watter doel 'n voorwerp tot stand gekom het, is daar ook nog die kwessie van die outentisiteit daarvan. Die Italiaanse digter Petrarca (1304-1374) het reeds daarop gewys dat die beelding van die vroeëre Romeinse keisers, wat op munte verskyn het, nie ooreengestem het met skriftelike getuienis nie. Ofskoon hy baie in munte belanggestel het, het Petrarca voorkeur gegee aan die juistheid van skriftelike getuienis.

Gedurende die 15e eeu het talle muntversamelings tot stand gekom, maar selde of ooit het skrywers daarvan gebruik gemaak om literêre of historiese probleme op te los. Ofskoon daar toenemende vaardigheid in die identifisering van afbeeldings op munte bereik is en selfs daarvan gebruik is as illustrasies in manuskripte en later in gedrukte uitgawes van onder andere Livius, Suetonius en Plutarchus, was dit hoofsaaklik vir dekoratiewe doeleindes en nie soseer vir supplementêre (wat nog te sê vir korrektiewe) oogmerke nie. By historici het die afbeelding steeds 'n ondergeskikte plek as historiese bron ingeneem.

Teen die einde van die 17e eeu was dit nie net historici wat oor die algemeen skepties gestaan het ten opsigte van afbeeldings as historiese bewysstukke nie - verskeie skrywers en selfs oudheidkundiges (veral in Engeland) het hul bedenkinge gehad oor die werklike waarde daarvan. Een van die redes was dat verskillende voorstellings van een en dieselfde persoon of gebeurtenis gemaak is.

Die uitvinding van die kamera het 'n hupstoot gegee aan die visuele vertolking van die verlede, nieteenstaande die bewustheid dat dié apparaat "kan lieg". Portrette is die populêre historisme van ons tyd, want dit het die opvatting laat ontstaan dat dit die werklikheid en niks minder as die werklikheid nie, weergee. Vir die historikus het dit volgens Haskell die paradoksale gevolg gehad dat dié apparaat ook die aanspraak van ander visuele bronne versterk het, soos beeldhouwerke, skilderye, afdrukke en illustrasies - selfs van dié wat lank vóór die kamera tot stand gekom het. Daar is geglo dat voorstellings wat nie werklik betrekking op 'n bepaalde gebeurtenis het nie, die verlede meer toeganklik vir die leek maak. Vandaar die helder geïllustreerde stofomslae van geskiedenisboeke.

Ofskoon Voltaire (1694-1778) volgens Haskell die eerste was om die opvatting te huldig dat die kuns en kultuur van 'n volk 'n aanduiding is van die ekonomiese, sosiale, politieke, morele en filosofiese invloede wat in 'n bepaalde tydperk in 'n gemeenskap aanwesig was, het hy dié beskouing nie in sy *Le Siécle de Louis XIV* (1751) toegepas nie. Hy is gevolg deur Jules Michelet (1798-1874), wat volgens Haskell die eerste belangrike historikus was wat met 'n integrale benadering van die beeldende kuns in die historiese proses gekom het. Sy beskouings oor historiese geboue, monumente en die beeldhou- en skilderkuns het hy opgeneem in van sy belangrike werke, soos sy *Histoire de France* 17 dle., (1833-1867). Hy is egter gekritiseer vir die afleidings wat hy veral van historiese portrette gemaak het.

Mettertyd het monumente, historiese geboue en museums (veral in Engeland) al meer 'n belangrike rol begin speel in 'n visuele vertolking van die geskiedenis van 'n gemeenskap, tot die historici begin kapsie maak het teen die misleidende effek van denkbeeldige rekonstruksies van die verlede, en spesifiek ook teen illustrasies in geskiedenisboeke. Veral Augustin Thierry (1795-1856) het telkemale gewaarsku teen die verleidelike indrukke van die verlede, wat deur illustreerders geskep word.

Van die 19e eeuse geskiedskrywers, wat werklik belanggestel het in die beeldende kunste en met die vraag geworstel het hoe van die argitektuur, die beeldhou- en skilderkuns gebruik gemaak kan word in die vertolking van

die verlede, is Jacob Burckhardt (1818-1897) en Hippolyte Taine (1828-1893) volgens Haskell die belangrikste. Burckhardt het hom besin oor die bydrae wat visuele gegewens tot die "verstaan" van die geskiedenis kan lewer, maar in sy werk *Die Kultur der Renaissance in Italien* (1860) is daar volgens Haskell geen blyke van 'n gebruikmaking van dié bronne om lig te werp op die beskawing in daardie tydperk nie. Meer as Burckhardt het Taine hom tot die beeldende kunste gewend (hy noem dit *une seconde littérature)* om 'n volledige beeld van die verlede te skep in sy *Les origines de la France contemporaine* 6 dle., (1875-1893). Maar ook hy was skepties oor die waarde van visuele gegewens vir die daarstelling van 'n historiese beeld. Hy het aangevoer dat dié gegewens die indruk skep dat die historiese beeld wat die kuns voorgee, kompleet en voltooid is, terwyl die geskiedenis 'n deurlopende proses van verandering is. Daarby berus die kunstenaar se vertolking altyd op kennis wat hy vooraf uit die geskrewe geskiedenis verkry het.

In die 20ste eeu het Johan Huizinga (1872-1945), wat baie aandag aan die pikturale gegee het, tot die gevolgtrekking gekom dat die geskrewe dokument baie meer inligtend is en dat die betekenis van die kunswerk in die *aanskouing* daarvan geleë is en dat dit nie as 'n primêre bron aangewend kan word vir 'n ware vertolking van die verlede nie.

Na 'n deurworsteling (ek huiwer om dit te moet erken) van hierdie deeglik nagevorste werk, met 'n verstommende massa gegewens en talryke voortreflike illustrasies, blyk dit dat ook Haskell nie 'n sintese kon vind waardeur visuele gegewens (die beeldende kuns, argitektuur, illustrasies, tekeninge en ander voorwerpe) 'n integrale deel van die geskiedskrywing kan uitmaak nie. Onwillekeurig kom mens tot die gevolgtrekking dat visuele bronne hoogstens illustratiewe en dekoratiewe waarde vir die geskiedskrywing het. *History and its images* is egter van besonder belang vir die kunshistorikus.

**MARIA HUGO**
*Pretoria*